
# Feedtek Beef Gainer 110
## vir suksesvolle afronding van beeste

*Deur Ewie Coetzee (Pr.Sci.Nat.)*

Die intensiewe voerkraalafronding van beeste is die ideale waardetoevoeging tot ekstensiewe vleisbees- en saaiboerdery. Dit stel die boer in staat om speenkalwers se groeipotensiaal optimaal te benut, ou koeie en uitskotbeeste vinnig markgereed te kry, en hul inkomste uit eie geproduseerde graan en ruvoer te verhoog deur dit in vleis om te skakel.

Die basiese vereistes vir doeltreffende intensiewe afronding sluit verskeie belangrike suksesfaktore in:

- Die suksesvolle behandeling van diere teen interne en eksterne parasiete.
- 'n Gesondheidsprogram, soos voorgeskryf deur 'n veearts, word toegepas.
- Toegang tot vars, skoon drinkwater ten alle tye.
- Voldoende skuiling teen erge hitte of koue om te verhoed dat diere baie energie spandeer om hul interne liggaamstemperatuur te handhaaf.
- Vrye toegang tot 'n volledig gebalanseerde voer wat aan al die voedingsbehoeftes voldoen, insluitend proteïene, energie, minerale, spoorminerale en vitamiene.
- Voer wat so saamgestel is dat dit smaaklik en fisies aanvaarbaar is vir diere, hul grootpensfunksie doeltreffend onderhou (voldoende effektiewe vesel) en verteringsteurnisse verhoed.
- Geleidelike aanpassing op die afrondvoer om die rumen-mikrobiese populasie die nodige tyd te gun om by die hoë-energie dieet aan te pas.
- Hoë gehalte diere met die genetiese vermoë om voedingstowwe doeltreffend in spiergroei om te skakel.



Indien aan al bogenoemde vereistes voldoen word, hang die groeitempo, voeromsetverhouding en ekonomie van afronding grootliks af van die koste per eenheid energie en die dier se daaglikse energie-inname, aangesien energie-inname die belangrikste dryfveer van groei is. 'n Goeie voerkraalvoer word geformuleer met die doel om maksimum energie teen die laagste koste per eenheid energie te verskaf, terwyl steeds aan al bogenoemde belangrike voerfaktore voldoen word.

### Tegnologiese hulpmiddels

Veeboere het ook toegang tot verskeie tegnologiese hulpmiddels soos medikamente om die energie-inhoud te maksimaliseer, sonder om die risiko's verbonde aan die gebruik van voer onnodig te verhoog. Hoe hoër die energiedigtheid van die voer, hoe laer is die fraksie van energie ingeneem wat vir onderhoud gebruik word en hoe groter die fraksie wat vir groei aangewend word. Dit verbeter dus die voerdoeltreffendheid en verhoog winsgewendheid.

Self- of plaaslik-geproduseerde energiebronne is die goedkoopste energie wat vir afronding gebruik kan word. Boere wat self hul diere afrond, behoort dus maksimaal van hierdie bronne gebruik te maak. Dieselfde beginsel geld vir ruvoer- en proteïenbronne. Die goue reël is: Hoe groter die persentasie van die finale voer wat self of plaaslik geproduseer en as enkel kommoditeit ingesluit word, hoe goedkoper gaan die voer per eenheid voedingstof wees.

Feedtek het weens hierdie rede 'n reeks super-gekonsentreerde konsentrate ontwikkel, wat geen vullers, hoë vog, energie of natuurlike proteïene bevat nie. Die boer kan dus al die noodsaaklike voedingstowwe en voerbymiddels in die mees gekonsentreerde vorm aankoop, wat die vervoerkoste en totale koste per eenheid voedingstof minimaliseer.

### Konsentraat vir voerkraalbeeste

Feedtek se beesvoerkraalkonsentraat, Beef Gainer 110 (Reg. nr. V16140, Wet 36/1947), word teen slegs 3,6% van die totale voer ingesluit, maar dit balanseer die totale proteïene, alle makro- en spoorminerale, vitamiene en medikamente om die boer in staat te stel om volledige gehalte voere op die plaas te meng. Die produk word al vanaf 2001 met groot sukses deur baie veeboere landwyd gebruik.

Omrede dit so 'n klein persentasie van die totale voer beslaan, is daar genoeg spasie in die voer vir energieryke produkte, wat dus die energiedigtheid verhoog en gevolglik die voeromset en winsgewendheid verbeter teenoor meer lywige opsies. Die insluiting van Feedtek Buffer Pak (Reg. nr. V27811, Wet 36/1947), 'n doeltreffende langwerkende buffer, is gewens by hoë-energie diëte om die risiko van rumenasidose te verminder.

Aangesien dit van kardinale belang is dat hoë-prestasie voere noukeurig en wetenskaplik gebalanseer moet wees, is dit baie belangrik dat 'n spesialis-voedingkundige elke boer help om sy beskikbare grondstowwe in die beste voer moontlik te omskep. Die Feedtek-span bestaan uit meer as tien professioneel geregistreerde voedingkundiges met feitlik 200 jaar se gesamentlike ondervinding. Kontak gerus u naaste Feedtek-veekundige vir hulp in dié verband.

Vir meer inligting, stuur 'n epos aan Ewie Coetzee by ewie@feedtek.co.za, skakel 086 111 5362, stuur 'n epos aan info@feedtek.co.za of besoek *www.feedtek.co.za*.